# Sanlam-Staptoerklub

## *Kom verken die land saam met ons – ons doen dit al meer as 30 jaar lank!*

Die hoofdoel van Sanlam-Staptoerklub is om aan lede en besoekers die geleentheid te bied om ons natuur te leer ken en ’n liefde daarvoor aan te kweek. Daarom bied die klub jou ’n infrastruktuur waarby jy kan inskakel om die natuur deur pakstap te verken, gesonde oefening te kry en goeie vriende te maak. Kom sluit aan en stap saam!

## Lidmaatskap

- **Wie kan aansluit?** Enige persoon wat hom of haar by die gedragskode, doelstellings en reglement van Sanlam-Staptoerklub neerlê. Jy hoef nie by Sanlam te werk om by die klub aan te sluit nie. Met aanvanklike aansluiting word ‘n lidmaatskapvorm ingevul.
- **Ledegeld**: Die ledegeld is tans R110 per persoon en R190 per egpaar. Die ledegeld is betaalbaar teen 31 Januarie.
- **Hernuwing van lidmaatskap**: Enige bestaande lid kan in agtereenvolgende jare sy/haar lidmaatskap hernu deur ledegeld in die klub se rekening in te betaal met die 3-syfer lidmaatskap nommer as verwysing gevolg deur jou van. Bv. **045**/2025 dus **045 Matthee.** Indien daar geen onderbreking in lidmaatskap was nie hoef ‘n nuwe lidmaatskap vorm die ingevul te word nie.
- **Administratiewe heffing**: Stappers betaal bo en behalwe die stapkoste (permit, brandstof, ens.) ook ’n administratiewe heffing. Die administratiewe heffing vir lede is R10 per persoon per dag en vir besoekers R20 (R5 vir kinders onder 12) per persoon per dag. Hierdie geld word gebruik om administrasiekoste te dek.

## Wat beteken jou lidmaatskap vir jou?

- **’n Veilige infrastruktuur**: Jy skakel in by ’n klub met ’n uitstekende veiligheidsrekord, kennis van bergleierskap, groepveiligheid en noodhulp, en uiters waardevolle stapervaring wat oor baie jare opgebou is.
- **’n Vooruitbeplande jaarprogram**: Ons is een van die min klubs wat reeds die vorige jaar ’n volledige jaarprogram vir die volgende jaar kan uitgee. Die gesamentlike bedrag vir die permitte vir so ’n jaarprogram kos tot R25 000 per jaar. Ons het tipies 15 dagstappe, 10 naweekstappe, 3 langstappe en 3 sosiale klubfunksies op ons jaarprogram.
- **Voorkeur op besprekingslyste**: Die besprekingslys van meeste stappe open 3 maande voor die stap. Lede kry voorkeur op hierdie besprekingslyste vir die eerste twee weke nadat dit geopen het. *Maak dus seker jou ledegeld is betaal.*
- **Lojaliteitsprogram**: Elke kilometer tel! Elke kilometer wat jy sedert Januarie 1998 as ’n ingeskrewe lid van Sanlam-Staptoerklub met ons saamgestap het, word bymekaar getel vir ’n balkie-embleem met die toepasilke mylpaal: 500km, 1000km, 2000km ensovoorts. Saam met die 500km balkie ontvang jy ook ‘n klubwapen en ‘n koopbewys ter waarde van R200. Hierdie koopbewyse en embleme word gewoonlik by ons algemene jaarvergadering in Februarie uitgedeel.
- **Nuusbriewe**: Jy kry gereeld die e-Platvoet.
- **Kleiner administratiewe heffing**: Lede betaal tans R10 waar besoekers R20 (R5 vir kinders onder 12) per dag betaal.
- **Afslag op toerusting**: Jou ledekaartjie gee jou 5 - 10% afslag by sekere pakstap winkels.

## Hoe bespreek jy vir ’n stap?

Vir oornagstappe open besprekings ongeveer 3 maande voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Vir dagstappe open dit 2 weke voor die stap op die datum soos op die program aangedui. Besprekings word by die stapleier (of stapkoördineerder indien daar stapleier én stapkoördineerder is) gedoen.

**Prosedure**: Jy kan *stiptelik vanaf 07:00* begin bel, stemboodskap los, SMS of Whatsapp op die dag waarop die besprekings open. Hierdie verskillende oproepe en boodskappe word dan afgehandel in die volgorde wat hulle, volgens die tyd aangedui, ontvang is. Vir stappe met ‘n beperkte aantal persone mag jy net vir TWEE mense bespreek. Indien jy bel hou asseblief die oproepe en stemposse kort! Enige stemposse, boodskappe en oproepe vòòr 07:00 skuif na die einde van die lys wanneer die stormloop afkoel. Plekke op ‘n stap word daarna toegeken. Aansoekers sal dan so gou doenlik in kennis gestel word of hulle suksesvol was of nie.

**Jou verantwoordelikheid:** Jy kan tydens die eerste ses weke nadat die besprekings vir oornagstappe geopen het, kanselleer sonder enige aanspreeklikheid vir koste. Ses weke voor die stapdatum is die volle bedrag betaalbaar. As jy binne een maand voor die stapdatum kanselleer, verbeur jy die volle bedrag, tensy daar ’n persoon op die waglys is of jy iemand in jou plek kry wat vir die bestuur en stapleier aanvaarbaar is.

**Fiksheid vir lang stappe**: Daar word verwag dat jy sal sorg dat jy fiks genoeg is om die stap mee te maak maar die finale beslissing berus by die stapleier.

## Waar het alles begin?

Vroeg in Januarie l977 het ‘n klompie geesdriftige Sanlammers besluit om vas te stel of daar genoeg belangstelling op Hoofkantkoor was om ‘n voetslaanklub te stig. Twee “toetsstappies” sou die geesdrif bepaal – die eerste een van Grabouw na Sir Lowryspas, en die tweede in Jonkershoek. Albei uitstappies was ‘n reuse-sukses en op 10 Maart 1977 kom ‘n groot aantal belangstellendes in die CR Louw-teater byeen met Alec van der Vyver, voorsitter van die Sanlam Sportklub, en stig die Sanlam-Staptoerklub. Die eerste bestuur bestaan uit Louis Fourie (voorsitter), Merven Mellet (tesourier), Niel Krige, Kasper Jager en Hilda Truter as addisionele lede.

## Wie bestuur die klub?

Die klub word bestuur deur ´n voorsitter, ondervoorsitter, tesourier, sekretaris en addisionele lede wat elke jaar by die algemene jaarvergadering in Februarie gekies word. Die bestuur maak ook van ander klublede gebruik om sekere funksies te vervul – soos die byhou van statistiek en die reël van klubfunksies.

## Meer inligting?

Besoek ons by www.sanlamstaptoerklub.co.za of kontak ons by selfoon: 082-5703 895 of e-pos amandam@mweb.co.za.

A mind that is stretched by a new experience can never go back to its old dimensions.
*Oliver Thomas*